


Mini- FOKUS



Kan KANOLAPRODUKSIE en BYE saamleef?

DR GERHARD H VERDOORN, CropLife Suid-Afrika

Skaars 20 jaar gelede was kanola net 'n gedagte onder die graangeledere, maar die gewas het vinnig wortel geskiet in baie dele van Suid-Afrika waar die geel blomme geil in die nasomer staan met beloftes van gesonde koololie en smeermiddels vir vars brood wat meer as die gewone winkelrakprodukte bied.

Sonder twyfel is só 'n kanolaland in volle blom nie net prentjiemooi vir mense nie, maar ook magneties vir enige sespotige diërasie wat na nektar en stuifmeel soek. Bye is bestuiwers en kan op geen manier 'n kanolalandy vermy nie. Dit is van groot waarde, want dié heuningmakers bestuif die gewas sodat die plant sy kosbare oledraende saad kan voortbring.

2018 was 'n kneljaar vir sommige produsente, veral vir dié wat met bye boer en bestuifingsdienste aan gewasprodusente voorsien. Net toe die kanola mooi in blom is, toe begin die bye in die Wes-Kaap die gees gee. Nadere ondersoek het bevind dat die probleem ontstaan het omdat profenofos as insekdoder op die kanola gespuit is terwyl die plante in volle blom was. Nodeloos om te sê, dit het bye 'n nekslag toegedien en letterlik honderde kolonies is uitgewis. Dit het groot onmin tussen byeboere en kanolaprodusente veroorsaak, maar gelukkig het die partye bymekaar gekom en sake uitgepraat.

Die vraag is of kanolaproduksie met bye versoenbaar is, veral gegewe die feit dat insekdoders soms noodwendig gespuit sal moet word om die gewas teen skadelike insekte te beskerm. Die afgelope twee jaar was daar op party plekke ernstige plae van Afrika-bolwurm en almal hou asem op vir die vernietigende herfskommandowurm wat gelukkig nog nie in kanola aangetref is nie. Sonder insek-, swam- en onkruidodders sal kanolaproduksie swaar kry, maar sal die gebruik van dié middels bye noodwendig benadeel?

Insekdoders giftig vir bye

Daar is volgens CropLife Suid-Afrika se AgrilIntel 67 plaagdoders vir gebruik op kanola geregistreer. Onkruidodders is oor die algemeen nie giftig vir bye nie en dieselfde geld vir die meeste swamdoders. Insekdoders is egter meestal giftig vir bye ongeag die chemiese klas van die aktiewe bestanddele.

Daar is twee metodes waardeur bye met insekdoders vergiftig word. Eerstens is dit deur direkte kontak met die bye se liggaam soos wanneer 'n by in 'n spuitnewel rondvlieg of op 'n oppervlak land waar die spuitmengsel steeds nat is. Tweedens kan bye die plaagdoder inneem wanneer dit byvoorbeeld nektar drink of

stuifmeel versamel. Dit is interessant dat direkte kontak in die geval van sommige plaagdoders dikwels gevaarliker vir bye is as wanneer die plaagdoder oraal ingeneem word. 'n Mens moet noodwendig aanvaar dat die insekdoders almal giftig vir bye is en daarom moet daar met groot omsigtigheid gehandel word as daar bye in of naby 'n gewas aan die werk is. Dit is veral belangrik in 'n gewas soos kanola wat deur bye bestuif word.

Neem etikette se voorskrifte ter harte

Al die insekdoders wat vir gebruik op kanola geregistreer is, het spesiale waarskuwings om bye teen vergiftiging te beskerm. Die algemene voorsorgmaatreëls stel dit duidelik dat die insekdoders nie aangewend mag word na blomknopvorming nie en ook nie as bye naby of in die gewas werk nie. Tegnies gesproke is dit moontlik dat selfs insekdoders aangewend kan word sonder om bye te benadeel as die etikette se voorskrifte en waarskuwings ter harte geneem word.

Kanola, soos enige ander gewas, sal op een of ander stadium die teiken van skadelike insekte word. Daar is oorgenoeg ses- en agtpotiges wat altyd saam wil eet aan die produsent se opbrengs en hy moet hulle met plaagdoders fnuik. Hoe op aarde gaan die produsent die peste aanvat sonder om die bye te benadeel?

Die antwoord lê in presisielandbou. Daar moet 'n paradig-maverskuiwing kom by gewasproduksie, veral met 'n hoë-waardegewas soos kanola wat nog boonop bye aanlok. Enige kanolaprodusent wat sy sout werd is, behoort te weet wat die uitdagings van plantpeste, -siektes en onkruid vir sy gewas in die komende seisoen gaan wees. Dit is belangrik om te beplan vir enige moontlike plae en dan te besluit watter plaagdoders daarvoor benodig sal word. Let daarop dat slegs plaagdoders wat vir kanola en die verwagte plae geregistreer is, aangewend mag word.

Gereelde monitering

'n Baie belangrike aspek van plaagbeheer is gereelde monitering. Dit gebeur ongelukkig selde en wanneer die produsent sy oë uitvee is die kanolalandy vol ruspes wat soos goederetreine deur die gewas ploeg. Voorafkennis is 'n gedugte wapen teen peste. As daar byvoorbeeld teen laatmiddag swerms motte waargeneem word, moet die alarmliggies outomaties aanskakel, want dan is daar heel waarskynlik 'n Lepidoptera-infestasië op pad. Sulke plae kom gewoonlik baie vroeg in die produksieseisoen voor. Dit kan dan met insekdoders onder beheer gebring word sonder om bye te benadeel, want daar is geen blomme wat nektar en stuifmeel produseer nie.

As monitering nie plaasvind nie, word plaë te laat ontdek om dit op 'n omgewingsversoembare wyse te beheer en dan gaan dit bars vir bye wat aan insekdoders onderwerp word tydens plaag-beheeraksies.

Watter plaagdoders is beskikbaar?

Die produsent moet homself ook vergewis van watter plaagdoders beskikbaar is. Agri-Intel (www.agri-intel.com) lys feitlik alle plaagdoders wat in Suid-Afrika op alle gewasse geregistreer is. Deur van die omvattende soekenjin in AgriIntel gebruik te maak, kan die produsent presies bepaal watter plaagdoder nodig is.

Dit is ongelukkig so dat verkeerde aanbevelings soms deur agente gemaak word. Kyk na die etiket en as dit nie na kanola verwys nie, mag dit nie gebruik word nie. Die fiasko vroeg in 2018 is veroorsaak omdat agente profenofos, wat nie vir kanola geregistreer is nie, op kanola in volle blom aanbeveel het. Die verantwoordelikheid vir die korrekte en verantwoordelike gebruik van plaagdoders berus by agente sowel as by produsente. Wanneer dit in krisistye nodig raak om wel plaë in kanola te beheer, moet die produsent verseker dat daar geen byekorwe in die nabyheid is nie.

CropLife Suid-Afrika ondersteun die uitrol van 'n nuwe selfoon-toepassing genaamd BeeMap Africa, wat 'n koppelvlak tussen die byeboer en die gewasprodusent is. Beide partye registreer en noteer hulle byekorwe of gewasse op dié toepassing. Wanneer die gewasprodusent plaagdoders moet aanwend, maak hy 'n nota op die toepassing en die byeboer word outomaties in kennis gestel sodat byekorwe uit die gevaarzone verwyder kan word. Die toepassing is nog in die ontwikkelingsstadium en kan getoets word deur kontak te maak met Oscar Mandlmeier by 082 388 0170. Dit

behoort baie kopsere vir gewasprodusente en byeboere uit die weg te ruim.

Een van die belangrikste aspekte is om altyd die etiket van die plaagdoder streng na te volg. Elke plaagdoder word vir 'n bepaalde doeleinde ontwikkel, met ander woorde om 'n spesifieke probleem in 'n spesifieke gewas op te los. As die plaagdoder aangewend word vir 'n ander probleem of op 'n ander gewas as waarvoor dit ontwikkel is, is nadelige gevolge onafwendbaar.

Verantwoordelike gebruik van plaagdoders

Dit is maklik om die wette oor plaagdoders voor produsente te gooi en te dreig met vervolging, maar dit is nie 'n wenslike situasie nie. CropLife Suid-Afrika probeer eerder die verantwoordelike gebruik van plaagdoders bevorder met die eenvoudige slagspreuk: Volg die etiket. Dit beteken dat ongeag wat enige persoon mag aanbeveel of die produsent probeer wysmaak, die etiket die uiteindelige riglyn bly waarvolgens die plaagdoder gebruik moet word.

Partye moet saamwerk

Bye is onlosmaaklik deel van landbou en is van deurslaggewende belang as bestuiwers vir baie van die wêreld se voedselgewasse en natuurlike blomplante. As kanolaprodusente en byeboere kan saamwerk en inligting oor die stand van korwe en spuitprogramme op die BeeMap Africa-toepassing uitruil, sal beide partye hul doel bereik, naamlik volhoubare landbouproduksie.

CropLife Suid-Afrika gaan gedurende 2019 groot pogings aanwend om bye te beveilig en al hierdie inisiatiewe sal in samewerking met gewasprodusente en byeboere geskied. Vir verdere inligting besoek www.croplife.co.za. ■

Spreek probleme met kanolasaadkwaliteit tydig aan

CORNÉ LOUW, senior ekonoom, Graan SA

In 2018 het produsente verskeie probleme met die kwaliteit van kanolasaad ervaar. Dit is egter vir my aangenaam om te kan rapporteer dat die spesifieke maatskappy sy verantwoordelikheid nagekom het en nie kanolaprodusente in die steek gelaat het nie.

Onder die Plantverbeteringswet word saad se kieming en suiwerheid beskerm. Die minimum ontkiemingsvereistes vir kanola onder die Plantverbeteringswet is 60%. Gesertifiseerde saad se ontkieming moet ten minste 70% wees, maar die meeste maatskappye waarborg tussen 80% en 90% of 90% en 100%.

Uiters belangrik:

- Uit ervaring moet ons u waarsku dat dit belangrik is dat saad by 'n erkende maatskappy met 'n bewese rekord in Suid-Afrika gekoop word.
- Dit is altyd beter om 'n kontrole te hê om na te verwys. Probeer om nie net een kultivar aan te plant nie.

As jy vermoed daar is fout met saad, volg hierdie wenke

Indien jy enige probleme met saadkwaliteit vermoed of ervaar, moet jy die volgende stappe doen:

- Dring by die saadvertegenwoordiger op 'n ondersoek ter plaatse aan.
- Hou rekord van datums en gesprekke.
- Versamel en stel soveel moontlik inligting op skrif, neem foto's of maak video-opnames.

Indien die situasie nie opgelos word nie, moenie te lank wag voordat die volgende stappe oorweeg word nie:

- Tree in verbinding met 'n onafhanklike wetenskaplike om 'n ondersoek ter plaatse te doen.
- Lede kan Graan SA in kennis stel indien die saadmaatskappy nie die nodige aandag aan die kwessie skenk nie.

Neem die saak met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye op indien dit

steeds nie opgelos word nie. 'n Handelskontrole-ondersoek sal ingevolge die Plantverbeteringswet gedoen word.

Kontakpersone

Kontak die Wes-Kaapse streeksvertegenwoordiger, Christo Gouws op Stellenbosch, by 021 809 1709 of by christog@daff.gov.za.

Die departement het ook die volgende wenke:

- Produsente word aanbeveel om rekord van lot- of kodenommers te hou.
- Tydens die aankope van saad behoort 'n ontledingsertifikaat van die kwaliteit van die spesifieke saadlot wat deur 'n geregistreerde saadlaboratorium uitgereik is, aangevra te word. Hierdie uitslae behoort nie ouer as drie maande te wees nie.
- Produsente word ook aangeraai om die fisiese sak en etikette wat aan die sak aangebring is, sowel as die faktuur wat uitgereik is, te bewaar. ■